Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

# AANKONDIGINGS:

- Vandag die 30ste November verjaar Ella Page, Woensdag die 3de Desember oom Willem Storm (82), Donderdag die 4de Desember Sunel Olivier en Vrydag die 5de Desember Vera Botha. Hartlik geluk met julle verjaarsdag en mooiste mooi dag en nuwe lewensjaar.
- Wil net dele van die program uitwys:
  - (i) Sondag 7 Desember preek dr Christo van der Merwe.
  - (ii) Sondag 14 Desember preek dr Hannes Janse van Rensburg.
  - (iii) Dinsdag 16 Desember (Geloftedag) preek ds. Bert van Zyl @ die NGK Kemptonpark Noord.
  - (iv) Sondag 21 Desember preek dr Hannes Janse van Rensburg.
  - (v) Donderdag 25 Desember (Kersdag) preek dr Hannes Janse van Rensburg om 8:00.

(vi) Sondag 28 Desember (Gesamentlike erediens Ring van Zuurfontein) preek dr Annelie Botha @ Kempten Gemeente.

(vii) Sondag 4 Januarie (Gesamentlike erediens Ring van Zuurfontein) preek dr Annelie Botha @ Kempten Gemeente.

(viii) Sondag 11 Januarie preek dr Hannes Janse van Rensburg.

- Moenie jou Kersgeskenk aan Zuurfontein Gemeente vergeet nie. Zuurfontein Gemeente is familie, daarom is die gemeente ook op ons kerslysie.

## LIEF & LEED:

- Laerskool Impala het aan Leah Engelbrecht ‘n sertifikaat toegeken vir prestasie in die volgende pilare: Kultuur: erekleure vir junior revue, Leierskap: posisie van klasleier betree en Christenskap: passievolle deelname aan CSV.
    - Laerskool Kruinsig het aan Jakes le Roux, tydens hulle meriete aand, die volgende toekennings

gemaak: Erepennings vir Redenaars, Gimnastiek en Akademie / 2de in Akademiese top 10 Graad 5.

  - Laerskool Kruinsig het aan Anchen le Roux, tydens hulle meriete aand, die volgende toekennings gemaak: Erekleure Kunswedstryd / Erepenning Netbal, en Akademie / 5de Top 10 akademie / Onderhoofdogter 2025 / Veelsydigheidstrofee vir dogters.

- Tannie Hannetjie Prinsloo is Dinsdag in die Arwyp hospitaal opgeneem. Sy worstel weer met te min yster in die bloed.

## KLOK:

God is hier teenwoordig; laat ons biddend nader, hier waar ons voor Hom vergader.

## TOETREDE:

Vandag is die eerste Sondag van die splinternuwe kerkjaar. Die vier Sondae voor Kersfees word *Advent* genoem. die woord Advent kom van die Latynse woord

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

"Adventus" wat beteken "om te kom". In hierdie tyd van die jaar dink ons aan Jesus se koms (geboorte) en die verskillende "komse" (wedergeboortes) in ons lewens.

Vanuit die Lutherse tradisie het ons geleer om vier kerse in die vier weke voor Kersfees aan te steek:

1. Die eerste kers van Advent (30 November 2025), 'n simbool van hoop. In hierdie week dink ons bietjie na oor hoe Jesus die hoop in ons lewe is.
2. Die tweede kers van Advent (7 Desember 2025), 'n simbool van die vrede. In daardie week dink ons bietjie na oor hoe Jesus die vrede in ons lewe is.
3. Die derde kers van Advent (14 Desember 2025), die kers van vreugde. Dan dink ons na oor hoe Jesus se koms ons blymoedig maak.
4. Die vierde kers van Advent (21 Desember 2025), 'n simbool van God se liefde. Ons word stil en wonder oor die koms van Jesus Christus en liefde.
5. Dan die vyfde kers, op Kersdag 25 Desember 2025, 'n Christus kers as simbool van God se lig wat in

Jesus vir ons die donkerte van die lewe kom ophelder.

VONKK 475: 1-2 ~ Kom steek die Kersfees kerse aan. Ons bly net so sit. As die tweede vers gesing word sal ek vir ons die eerste kers van hoop aansteek.

VONKK 475: 1-2 ~ Kom steek die Kersfees kerse aan.

{Ons gaan nou staan vir die votum, die seëngroet en ‘n Kerslied ~ Gesang 349: 1-4 ~ Kom, kinders, besing met ‘n vrolike stem.}

## VOTUM:

Eer aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, soos dit was aan die begin, toe en so ook nou en van ewigheid tot ewigheid. Amen (Gesang 180).

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

## SEËN:

Efesiërs 6: 24, 2007: Ek bid dat God genadig sal wees vir almal wat altyd baie lief is vir ons Here Jesus Christus en wat nooit ophou om lief te wees vir Hom nie.

## KERSLIED:

Gesang 553 ~ Gesang 349: 1-4 ~ Kom, kinders, besing met ‘n vrolike stem.

## WISSELFORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE NAGMAAL:

Geliefdes in ons Here Jesus Christus!
Die Here Jesus het voor sy dood saam met sy dissipels brood en wyn aan tafel geneem en gesê dat hulle dit moet gebruik *tot sy gedagtenis*. Daarom vier ons vandag ook die Nagmaal *tot Sy gedagtenis*.

Die Nagmaal is een van die Kerk se twee sakramente tot versterking van ons geloof. Met die tekens van brood en wyn verseker Jesus Christus ons deur sy Gees van ons gemeenskap met God en met mekaar.

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

By die tafel van die Here is ons ook saam om God te verheerlik. Ons glo dat die Here deur sy Gees by hierdie feesmaal teenwoordig is. Wanneer ons die elemente van brood en wyn ontvang, herinner dit ons dat ons verlos is deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Deur geloof in Jesus Christus het ons saam met Hom gesterf en staan ons saam met Hom op tot 'n nuwe lewe.

Die Nagmaal wil ons daarvan verseker dat ons aan Christus deel het. By hierdie maaltyd rig die Here ons hoop ook op die hemelse feesmaal saam met God en al die gelowiges. Ons behoort vir ewig aan God. Daarom hoef ons niks te vrees nie. Christus is die Een wat was, wat is en wat kom – die Here van die toekoms.

Rondom die tafel word die gemeenskap van gelowiges sigbaar. Ons het immers almal deel aan hiérdie elemente. Die liefde wat God aan ons skenk, bind ons aan mekaar.

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

Voor ons by die tafel aansit, moet ons onsself eers ondersoek en afvra of ons bereid is om deur ons doen en late hierdie band van liefde te versterk. Ons is bewus van ons eie sonde en het daaroor berou. Omdat Jesus Christus ons vergewe, mag ons by sy tafel aansit. Die deelname aan die Nagmaal wil ons opnuut van sy genade verseker.

Wanneer ons van die tafel af opstaan, stuur God ons om wêreldwyd te getuig van sy versoening, sorg en liefde ~ *tot Sy gedagtenis*. God versorg ons met hemelse en aardse brood. Kom ons versorg uit dankbaarheid ander ook só ~ *tot Sy gedagtenis*.

Voordat ons by die tafel van die Here aansit, laat ons bid.

## GEBED:

VONKK 243: 1-2 ~ Laat my nooit die grond verlaat nie.

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

## UITNODIGING:

Volgelinge van Jesus Christus, as jy bely dat Jesus jou enigste Verlosser is, word jy hartlik uitgenooi om te kom deelneem aan die tafel van die Here.

## TAFELFORMULE:

Laat ons nie ons gedagtes rig op die uiterlike simbole nie, maar op die betekenis daarvan, naamlik die versoening in Christus Jesus, ons Here ~ *tot Sy gedagtenis*.

## REËLINGS:

Ons begin vandag by die middel blok (tafel 1), daarna die blok aan my regterkant (tafel 2), en dan die galery (tafel 3). Heel laaste die blok aan my linker kant (tafel 4).

Na elke tafel kan u 'n dankoffer vir barmhartigheid op die tafel (onder die tafeldoek) laat. Die volgende groep kom eers as die liturg u daartoe uitnooi.

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

## TAFEL 1:

Kom, gemeente, eet! Anders sal die pad vir ons te lank word (1 Konings 19: 7, 1983).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.

En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.

Eet en drink, doen dit *tot sy gedagtenis*.

Amen.

## Johannes 14: 15-21, 1983

15“As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. 16Ek
sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak
stuur om vir ewig by julle te wees, 17naamlik die Gees van
die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.
18“Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom
weer na julle toe. 19Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die

wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. 20Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle.
21“Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.”

## PREEK:

Ons behoort hierdié teks te lees met ‘n fokus op die Heilige Gees. Laat jouself dus toe om deur die Heilige Gees herinner te word, en luister hoe die Gees die woorde van Jesus Christus in jou lewend maak.

Ja, ons word soms elke dag gekonfronteer met uitdagings wat dreig om die Gees van God in ons dood te maak. Geweld en onreg is die wêreld vol. Soms voel dit of dit elke dag net erger word. Ons voel kwaad, magteloos en gefrustreerd. Dit is amper soos ‘n monster wat die hoop, vrede, vreugde en liefde binne in ons wegvreet.

Dan lees ons weer hierdie stukkie geloofsbelydenis oor hoop. Ons lees dat die Gees van God binne ons wil kom woon. Nie net oornag of gou kom kuier nie, maar binne in ons wil kom woon ~ vir altyd!

Dit is God, deur die Heilige Gees, wat ons van binne af heel maak. Dit gee ware hoop, vrede, vreugde en liefde. God stuur nie Sy Heilige Gees om ons te kom oordeel nie, daarvoor het Jesus reeds vir ons aan die kruis gesterf. God het die Heilige Gees gestuur om die hoop, vrede, vreugde en liefde binne ons aan die brand te steek.

Daarvoor brand ons oor die volgende vier weke Kersfees kerse van hoop, vrede, vreugde en liefde.

## TAFEL 2:

Gemeente, alles is gereed; kom na die tafel van die Here. Kom, en word versterk in die geloof (Matteus 22: 4, 1983).

---

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.

En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.

Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.

Amen.

## Galasiërs 5: 13-26, 1983

13Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie
julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen
nie, maar dien mekaar in liefde. 14Die hele wet word in
hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê
soos jouself.” 15Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op
dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.
16Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die
Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor
begeertes van julle sondige natuur nie. 17Wat ons sondige
natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die
Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer.
Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom

---

kan julle nie doen wat julle graag wil nie. 18Maar as julle
julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die
wet nie.

19Die praktyke van die sondige natuur is algemeen
bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid,
20afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede,
rusies, verdeeldheid, skeuring, 21afguns, dronkenskap,
uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos
ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke
dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as
erfenis verkry nie.

22Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde,
vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid,
getrouheid, 23nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke
dinge het die wet niks nie. 24Dié wat aan Christus Jesus
behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en
begeertes gekruisig. 25Ons lewe deur die Gees; laat die
Gees nou ook ons gedrag bepaal. 26Ons moenie
verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig
wees nie.

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

## PREEK:

In hierdie gedeelte stel Paulus twee verskillende lewenswyses teenoor mekaar: dit wat hoort by die ou mens, teenoor dit wat pas by iemand wat nuut gemaak is. Hier lê my en jou geloofsverantwoordelikheid.

Ek en jy kan weer gaan kyk na die praktyke wat nie deel van ons lewe moet wees nie. Daarteenoor staan die praktyke wat deel van ons lewe moet wees: liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Dit vra van ons opofferings en prysgawe. Dit vra dat ons die knieg voor God sal buig. Daarom moet ons in ons gebede smeek vir onderskeidingsvermoë. Daarvoor sal ons die Bybel nie net moet lees nie, maar moet bestudeer. Ons moet bid dat die Heilige Gees in ons die vuur vir God sal aansteek.

## TAFEL 3:

Gemeente, kom; die maaltyd staan klaar (Lukas 14:17, 1983).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.

En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.

Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.

Amen.

## Matteus 1: 18-25, 1983

18Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus.
Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees
gekom. 19Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van
Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die

verlowing stilweg te verbreek. 20Terwyl hy dit in gedagte
gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan
hom verskyn en gesê: “Josef seun van Dawid, moenie
bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar
verwek is, kom van die Heilige Gees. 21Sy sal 'n Seun in
die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is
Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”
22Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur
sy profeet gesê het, vervul sou word:
23“Die maagd sal swanger word
en 'n Seun in die wêreld bring,
en hulle sal Hom Immanuel noem.”
Die naam beteken God by ons.
24Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak
soos die engel van die Here hom beveel het en met haar
getrou. 25Hy het egter nie met haar omgang gehad
voordat sy haar Seun in die wêreld gebring het nie. En
Josef het Hom Jesus genoem.

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

## PREEK:

Wanneer Matteus die verhaal van Jesus se geboorte vertel, plaas hy ons onmiddellik in die wêreld van die eerste-eeuse Jode – ’n wêreld waar verlowing reeds as ’n wettige verbintenis gegeld het, en waar eer, familie en gehoorsaamheid aan God se wil baie hoog geag is. Maria en Josef se situasie was dus skokkend: voor hulle saam begin woon het, is Maria swanger. Vir die samelewing van daardie tyd was dit ’n skande; vir Josef moes dit emosioneel en geestelik oorweldigend wees.

Die teks wys vir ons dat Josef “’n regverdige man” was – iemand wat die wet ken en wil gehoorsaam, maar ook iemand met ’n sagte hart. Hy wou Maria nie verneder of straf nie. Sy plan om haar stilweg weg te stuur, wys sy deernis, sy menslikheid. Maar God onderbreek sy planne. In ’n droom verskyn ’n engel en openbaar iets wat niemand kon sien kom nie: hierdie swangerskap is deur die Heilige Gees; hierdie Kind is die begin van God se groot reddingsplan vir die mense van die wêreld. My en jou reddingsplan.

Josef se reaksie is die kern van die teks: hy staan op, en hy doen wat die Here beveel. In ’n wêreld vol onsekerheid, in ’n situasie wat hy nie verstaan het nie, kies Josef gehoorsaamheid aan God. En deur sy gehoorsaamheid word hy deel van iets wat baie groter is as hyself.

Hierdie teks dra ’n kragtige boodskap vir Kersfees 2025. Ons leef in ’n wêreld waar dinge selde volgens ons planne verloop: families is onder druk, mense voel oorweldig, finansiële spanning en emosionele uitputting is deel van ons werklikheid. Soos Josef kan ons soms voel dat die toekoms donker en onseker is. Maar die boodskap van Kersfees herinner ons dat God juis in die middel van onsekerheid met ons werk. Hy bring lig waar ons net donker sien. Hy bring hoop waar ons dink alles is hoop-loos. Hy bring Sy teenwoordigheid waar ons dink ons is alleen.

En dalk is die grootste wonder dat God nie wag vir perfekte mense of perfekte omstandighede nie. Hy vra net gehoorsaamheid. Josef verstaan nie alles nie – maar hy vertrou. Hy neem Maria as sy vrou. Hy neem die Kind in sy huis. Hy gee Hom die naam Jesus, soos God beveel het – "want Hy sal sy volk van hulle sondes red."

Kersfees nooi ons om dieselfde te doen: om God se Woord te vertrou, selfs wanneer dinge nie sin maak nie; om Christus in ons "huise" – ons lewens, ons verhoudings, ons vrese, ons harte – in te nooi; en om te glo dat hierdie Kind werklik hoop, vrede, vreugde en liefde bring.

Mag Kersfees ons help om, soos Josef, stil te word, te luister, en te vertrou dat God steeds met ons is.

## TAFEL 4:

Kom, gemeente, ons is almal van die Here afhanklik. Hy voed ons op sy tyd (Psalm 104: 27, 1983).

Wanneer die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar: Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus.

En wanneer die beker aangegee word: Die beker wat ons drink, is die gemeenskap met die bloed van Christus.

Eet en drink, doen dit tot sy gedagtenis.

## MATTEUS 2: 1-12, 1983

1Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering
van koning Herodes. Na Jesus se geboorte het daar
sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom 2en
gevra: “Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is?
Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan
Hom hulde te bewys.”
3Toe koning Herodes hiervan hoor, was hy, en die hele
Jerusalem saam met hom, hewig ontsteld. 4Hy het toe die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes van die volk
bymekaar geroep en hulle uitgevra oor waar die Christus
gebore sou word. 5Hulle het hom geantwoord: “In
Betlehem in Judea, want so is dit deur 'n profeet
geskrywe:

---

6 “En jy, Betlehem, gebied van Juda,
jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie.
Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n herder
sal wees.”
7 Daarna het Herodes die sterrekykers in die geheim
ontbied en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster
verskyn het. 8 Hy het hulle na Betlehem toe gestuur met
die woorde: “Gaan doen noukeurig ondersoek na die
Kindjie, en as julle Hom kry, laat my weet, sodat ek ook
aan Hom hulde kan gaan bewys.”
9 Nadat hulle die koning aangehoor het, het hulle vertrek;
en kyk, die ster wat hulle sien opkom het, het hulle gelei
totdat dit gaan staan het bo die plek waar die Kindjie was.
10 Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly. 11 Hulle het in
die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy
moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde
bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en
vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre. 12 En
omdat God hulle in 'n droom gewaarsku het om nie na
Herodes toe terug te gaan nie, het hulle met 'n ander pad
na hulle land toe teruggegaan.

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

## GENADEVERKONDIGING:

Noudat ons met die ervaring van nagmaal opnuut verseker is van God se genade en opgeroep is tot geloof, en omdat die Woord van God ons ook leer dat ons uit genade deur geloof gered word, laat ons, terwyl ons net so bly sit, saam bid.

## GEBED:

## SLOTSANG:

Gesang 353: 1-3 ~ Die Heiland is gebore.

## SEËN:

Ontvang hierdie seën: Mag die vrede van ons Here, Jesus Christus, met ons wees – waarheen Hy ons ook mag stuur. Mag Hy ons lei deur die wildernis en ons beskerm deur die storms. Mag Hy ons veilige terugbring, met hoop, vrede, vreugde en liefde in ons hart.

Tekste: Gesang 159: 1a; Gesang 180; 1 Konings 19: 7, 1983; Matteus 22: 4, 1983; Lukas 14: 7, 1983; Psalm 104: 27, 1983.
Fokus teks: Johannes 14: 15-21, 1983; Galasiërs 5: 13-26, 1983; Matteus 1: 18-25, 1983.
Liedere: VONKK 475: 1-2; Gesang 349: 1-4; VONKK 243: 1-2; Gesang 353: 1-3; Gesang 355: 1-2.

---

# WEGSENDING:

Gesang 355: 1-2 ~ Al was ek nie daar nie.